
LIBERTY LIFE



# Gids tot bate-klasse

*Saamgestel deur Liberty Groep Adviesdienste*

## Hoe om 'n ingeligte besluit te neem

U het gehoor dat dit 'n goeie idee is om 'te diversifiseer in verskillende bate-klasse', maar wat is hierdie bate-klasse en hoe werk hulle?

Om op die 'meng' van bates in u portefeulje te besluit, moet u die volgende verstaan:

- Die *veranderlikheid* van die bate: hoe riskant is dit?
- Die *likiditeit* van die bate: hoe vinnig kan u toegang tot die geld verkry? Is daar enige boetes of fooie as u voortydige 'onttrekkings' maak?
- Die *opbrengs* van die bate: hoe sal u belegging groei en watter soort opbrengs kan u verwag?
- Die *voor-* en *nadele* van die bate (sommige daarvan is in hierdie dokument gelys).

Om u te help om 'n ingeligte besluit te maak oor watter bates om in u portefeulje in te sluit en hoe om u portefeulje met verskillende bates te balanseer, het ons hierdie gids tot die onderskeie bate-klasse saamgestel.

Die onderstaande tabel gee 'n oorsig van elke bate-klas: kontant, verbande, eiendom en aandele. Die volgende bladsye bevat meer inligting oor elke bate-klas.

| Kontant | Verbande | Eiendom | Aandele |
|---|---|---|---|
| Rente-draende instrumente en afslag-instrumente | Skuld-instrumente | Fisieke eiendom en gelyste eiendom | Groot en klein boperk-lenings |
| Voorgestelde minimum beleggingstydperk | | | |
| 1 dag | 1 – 3 jaar | 3 – 5 jaar | 3 – 5 jaar |

## Raadpleeg u finansiële adviseur

Praat met u finansiële adviseur voordat u in 'n finansiële produk belê of dit koop. U finansiële adviseur sal u help om 'n finansiële plan op te stel en sal u bystaan met die keuse van geskikte produkte en portefeuljes.

## Kry meer inligting aanlyn

Virf inligting oor **Liberty Life** produkte: www.liberty.co.za | Produkte.

Vir inligting oor **STANLIB** produkte: www.stanlib.com | Beleggings vir individue.

# Kontant

| *Hoe dit werk* | *Toegang tot geld* | *Opbrengs* |
|---|---|---|
| **Rente-draende instrumente** | | |
| GELDMARKFONDS | | |
| Geld word in geldmark-instrumente belê. | Hang van instrument af. | Beleggers het toegang tot hoër rente26erste. Het gew66n3525 ‘n hoër opbrengs. |
| ROEP-DEPOSITO | | |
| Geld word by ‘n bank belê en ‘bestel wanneer nodig. | Rentekoers fluktueer | Rentekoers gewoonlik nie hoog, maar kan hoër wees op groter bedrae |
| KENNISGEE-DEPOSITO | | |
| Geld word by ‘n bank belê en kennis moet gegee word voordat dit onttrek word. | Kennis moet aan die bank gegee word voor onttrekking, bv. 32 dae tot 1 jaar. Boetes geld as geld voortydig onttrek word. | Rentekoers fluktueer. Rentekoers is gewoonlik hoër as op roep-rekeninge, omdat kennigsgewing banke die geleentheid gee om hul kontantvloei te beplan. |
| VASTE DEPOSITO | | |
| Geld word vir ‘n voorafbepaalde tydperk by ‘n bank gedeponeer. | Kennis moet voor onttrekking gegee word. | Rentekoers is vas. |
| ONDERHANDELBARE SERTIFIKAAT VAN DEPOSITO (NCD) | | |
| ‘n Sertifikaat word by die bank aangekoop en kan aan iemand anders verkoop word. | Die sertifikaat word van die bank teruggekoop. | Die sertifikaathouer sal rente van die bank ontvang. |
| **Afslag-instrumente** | | |
| SKATKISBEWYS | | |
| ‘n Korttermyn leningsertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank namens die regering. | ‘n Nominale waarde word by afkoop aan die belegger betaal. | ‘n Nominale bedrag min ‘n afslag. |
| SKULDBEWYS | | |
| ‘n Leningseftifikaat wat deur ‘n groot maatskappy uitgereik word. | Die terugbetaling van die nominale bedrag word nie deur ‘n bank gewaarborg nie. | Omdat die bestendigheid van die maatskappy die enigste waarborg is, behoort dit ‘n hoër opbrengs te hê. |

# Verbande

| *Hoe dit werk* | *Toegang tot geld* | *Opbrengs* |
|---|---|---|
| Verbande word gebruik om langtermyn finansiering te bou vir die regering, semi-regeringsorganisasie of sake-organisasie. Hulle word verhandel op die Verbandbeurs van Suid-Afrika (BESA). Die verbandbedrag en rente word | Die verbandhouer ontvang die ‘vasgestelde’ bedrag en rente wanneer die verband uitkeerbaar word.<br><br>Verbande kan voor uitkeerbaarheid verhandel word, maar kan eers op die datum van | Wanneer rentekoerse verander, is dit ook die geval met bestaande verbande.<br><br>Mark-beweeglikheid bestaan omdat veranderinge in verbandpryse omgekeerd is tot veranderinge in rentekoerse. |

| | | |
|---|---|---|
| volgens 'n sekere datum 'vasgestel', wanneer die verband uitkeerbaarheid bereik en verhaal kan word. | uitkeerbaarheid verhaal word. | |

## Verbande: terminologie

- Die *koepon* is die jaarlikse rente-opbrengs op 'n verband-instrument.
- 'n *Zero-koeponverband* is 'n verband wat teen 'n afslag gekoop is sodat die koeponwaarde in die prys 'ingesluit' is.
- *'Gilts'(Verguldsels?)* is verbande wat deur die regering verkoop word.
- *'Semi-gilts'(Semi-verguldsels?)* is verbande wat deur parastatale uitgereik word, bv. Transnet of Eskom.

# Eiendom

| *Hoe dit werk* | *Toegang tot geld* | *Opbrengs* |
|---|---|---|
| FISIEKE EIENDOM | | |
| Die eiendom is in die belegger se naam geregistreer. | Verhuringsinkomste; kapitale appresiasie op herwaardasie en uiteindelike verkoop van eiendom. | Verhuringsinkomste ontvang en toename in eiendom se waarde. |
| GELYSTE EIENDOM | | |
| Die regte tot die eiendom word in 'n beleggingsproduk gehou, soos eiendomslening-effekte en eiendoms-effektetrusts. | Verhuringsinkomste in die vorm van halfjaaflikse rente (soos 'n dividend); kapitale appresiasie is suiwer aandelemark-gedrewe. Dit werk dieselfde as 'n aandele-instrument.<br>Eiensom JSE | Verhuringsinkomste ontvang en toename in eiendom se waarde. |

# Aandele

| *Hoe dit werk* | *Toegang tot geld* | *Opbrengs* |
|---|---|---|
| Maatskappye wat op die JSE Sekuriteitemark gelys is, kan geld genereer deur aandele uit te reik wat aan beleggers deel-eienaarskap in die maatskappye gee.<br><br>Aandele kan regstreeks of onregstreeks gekoop word deur beleggingsmediums soos effektetrusts, lewensprodukte en uitvloeisels. | Sou afhang van die beleggingsproduk.<br><br>As aandele regstreeks besit word, word inkomste verdien uit dividende en die toename in die aandeleprys. | Hoewel aandele die veranderlikste bate-klas is, het hulle in die afgelope 5, 10, 20 en 48 jaartydperke die beste reële opbrengste gebied. Gelyste eiendom het in onlangse tye effens beter gevaar as aandele. |

## Aandele: terminologie

### Klassifikasie van aandele

Aandele kan in verskillende sektore gekoop word. Die JSE definieer die sektore as volg:

- Hulpbronne
- Basiese industriële
- Finansiële
- Nie-sikliese verbruikersgoedere
- Sikliese verbruikersgoedere
- Persoonlike sorg- en huishoudelike produkte
- Sikliese dienste
- Nie-sikliese dienste
- Algemene industriële
- Inligtingstegnologie

## Aandele-aanwysers

‘n Voorbeeld van aandele uit elke sektor word gekombineer om ‘n indeks te vorm. Die vertoning van ‘n aandeel kan teen sy indeks gemeet word.

Die aanwysers op die JSE is:

| | |
|---|---|
| Alsi 40 | Top 40 aandele |
| Fini | Finansiële aandele |
| Resi | Hulpbron-aandele |
| Indi | Industriële aandele |
| Findi | Finansiële en industriële aandele |

## Groot en klein boperke

- *Groot boperk-aandele* is aandele van die maatskappye in die JSE se top 40. Hulle is gewoonlik groot topmaatskappye wat goed gevestig en finansieel gesond is.

*Klein boperk-aandele* is aandele in die kleinste 265 maatskappye van die JSE en hulle is meer veranderlik as die groot boperke.

## Hoe om aandele-risiko's te minimaliseer

- Blyby 'n langtermyn-plan (bly belê!)
- Belê gereeld.
- Belê in maatskappye van verskillende groottes en in verskillende sektore.
- Belê sowel oorsee as binnelands.

# Voor- en nadele van verskillende bate-klasse

| | Voordele | Nadele |
|---|---|---|
| Kontant | ▪ Mees likiede en risiko-vrye belegging.<br>▪ Voorspelbare inkomstestroom.<br>▪ 'Korttermyn parkeerplek' vir oortollige geld terwyl besluit word waar om oor die langer termyn te belê.<br>▪ Word dikwels as 'n veilige hawe gesien in ekonomiese afswaai-tye.<br>▪ Opbrengs kan moontlik oor die kort termyn aandele of verbande oorskadu. | ▪ Geen buffer teen inflasie.<br>▪ Laer risiko, maar ook 'n algemeen laer opbrengs. |
| Verbande | ▪ Beleggings in verbande maak voorsiening vir diversifikasie van die portefeulje.<br>▪ Voorspelbare inkomstestroom.<br>▪ Kleiner risiko en veranderlikheid as aandele.<br>▪ Word dikwels gesien as 'n veilige hawe gedurende ekonomiese afswaai-tye. | ▪ Geen buffer teen inflasie (tensy die verband aan inflasie gekoppel is).<br>▪ Laer risiko, maar ook in die algemeen 'n laer opbrengs as met aandele.<br>▪ Pryse kan veranderlik wees. |
| Fisieke eiendom | ▪ Minder veranderlikheid in kapitaal as eiendom jaarliks herwaardeer word. Word nie deur marksentimente geraak nie.<br>▪ Meer gelykmatige opbrengs.<br>▪ Meer konserwatiewe belegging. | ▪ Langer termyn-verbintenis.<br>▪ Oor die lang termyn belê en kan nie blootstelling aan verskillende huurders verander nie. |
| Gelyste eiendom | ▪ Maak voorsiening vir diversifisering van portefeulje.<br>▪ Konsekwente kontantvloei.<br>▪ Inflasie-buffer oor die lang termyn.<br>▪ Gekoppel aan die aandelemark deur kapitale groei.<br>▪ Gekoppel aan die verbandmark deur inkomste-opbrengste. | Pryse kan veranderlik wees en geraak word deur:<br>▪ Negatiewe internasionale aandelemarkte.<br>▪ Insinking in wêreldgroei en impak op kommoditeitsiklus.<br>▪ Skielike valuta-verandering en impak op inflasie- en rentekoerse, veral verband-opbrengste. |
| Aandele | Bied die beste opbrengs oor die medium tot lang termyn. | Is veranderlik en vereis 'n medium- tot langtermyn-uitkyk. |